HOLDSPORT BEPERK

ONGEOUDITEERDE TUSSENTYDSE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE RESULTATE VIR DIE HALFJAAR GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2012

OUTDOOR WAREHOUSE | PERFORMANCE BRANDS | Sportsmans Warehouse

VERKOPE
▲ 9.9% TOT R601.2 MILJOEN

BEDRYFSWINS
▲ 1.2% TOT R90.8 MILJOEN

KERNWESENSVERDIENSTE PER AANDEEL
▼ 1.3% TOT 157.1 SENT

TUSSENTYDSE BRUTO DIVIDEND
▲ 70 SENT PER AANDEEL

GROEPOORSIG

Die Holdsport Beperk groep bestaan uit die kleinhandelsafdelings Sportsmans Warehouse en Outdoor Warehouse en Performance Brands, 'n groothandelsonderneming wat die First Ascent- en Capestorm-handelsmerke besit.

Die groep het 'n bevredigende resultaat vir die verslagtydperk gelewer, met totale verkope wat met 9.9% tot R601.2 miljoen verhoog het. Kleinhandelsverkope het met 9.2% tot R572.0 miljoen verhoog.

Bedryfswins het met 1.2% tot R90.8 miljoen verhoog. Aandeelhouers moet die volgende faktore in aanmerking neem wanneer hulle die prestasie beoordeel:

- Die voorafgaande twee vergelykende verslagtydperke het onderskeidelik met 'n sokker- en rugbywêreldbeker saamgeval. Dit het tot sterk verkope van replikaklere gedurende hierdie tydperke gelei, wat nie in die huidige tydperk herhaal is nie.
- Die rekeningkundige hantering van valutatransaksies, tesame met die onstabiele Rand/Dollar-wisselkoers, lei tot 'n nie-kontantinkomste of -uitgawe aan die einde van elke verslagtydperk wat gedeeltelik by koste van verkope ingesluit is en gedeeltelik as valutawinste of -verliese binne handelsuitgawes erken word. Gedurende die huidige tydperk was die totale aanpassing 'n uitgawe van R2.5 miljoen, vergeleke met 'n totale wins van R2.8 miljoen in die vorige tydperk. Die grootste deel van die aanpassing is by koste van verkope ingesluit.

Kernwesensverdienste het 157.1 sent per aandeel beloop. 'n Tussentydse bruto dividend van 70.0 sent per aandeel is verklaar in ooreenstemming met die dividendbeleid van die groep van twee maal dekking deur kernwesensverdienste.

HANDELSAFDELINGS

Verkope vir die verskillende handelsafdelings was soos volg:

	Aantal winkels	Verkope Rm	Toename in verkope %
Sportsmans Warehouse	34	432.5	10.3
Outdoor Warehouse	18	139.5	6.0
Kleinhandelsverkope	**52**	**572.0**	**9.2**
Performance Brands	–	29.2	25.7
Totale verkope	**52**	**601.2**	**9.9**

Kleinhandelsverkope in vergelykbare winkels het met 7.8% gestyg, terwyl die kleinhandel-afdelings prysinflasie van ongeveer 2.2% vir die tydperk ervaar het. Die tydgeweegde handelsruimte het met 1.4% toegeneem in vergelyking met die vorige ooreenstemmende tydperk.

Die Sportsmans Warehouse-afdeling het die Capestorm-winkel in Wynberg bygevoeg, sy Fourways-winkel uitgebrei en die winkel in Polokwane verskuif. Verkope in vergelykbare winkels het met 8.4% gestyg. Sportsmans dryf nou handel uit 34 winkels en sal twee nuwe winkels in die tweede helfte van die jaar open.

Die Outdoor Warehouse-afdeling bestaan tans uit 18 winkels en sal nog 'n winkel in die tweede helfte van die jaar open. Verkope in vergelykbare winkels het met 6.1% gestyg.

Performance Brands het eksterne verkope van R29.2 miljoen behaal, 'n styging van 25.7%.

KAPITAALBESTEDING

Gedurende die tydperk het die groep:

- die Capestorm-handelsmerk vir R8.0 miljoen en verwante voorraad vir R11.1 miljoen gekoop;
- die Performance Brands-perseel vir R12.0 miljoen verkry;
- R19.7 miljoen aan instandhouding en die uitbreiding van sy kleinhandelsbedrywighede bestee en sal na verwagting nog R24.7 miljoen in die tweede helfte van die jaar bestee; en
- 'n kapitaalbestedingsprogram ten bedrae van R58.0 miljoen goedgekeur om sy verspreidingskapasiteit uit te brei, waarvan ongeveer R18.0 miljoen in die tweede helfte van hierdie jaar bestee sal word en R40.0 miljoen in volgende jaar.

VERBEURBARE AANDELEPLAN

Die groep het in die tydperk Holdsport-aandele ten bedrae van R13.4 miljoen gekoop en toegeken ingevolge en onderhewig aan die reëls van die 2011 Holdsport Verbeurbare Aandeleplan ('VAP').

Die verbeurbare aandeleplan word oor die vestigingstydperk as uitgawe erken en die R1.9 miljoen wat vir die huidige tydperk erken is, was R1.5 miljoen hoër as in die vorige tydperk.

VOORUITSIGTE

Die groep verdien die grootste deel van sy winste in die tweede helfte van die jaar. Soos altyd, is die tweede helfte baie afhanklik van die Kersfeeshandel, wat in 'n groot mate die groep se prestasie vir die jaar sal bepaal.

Die groep het huurooreenkomste vir 'n verdere twee nuwe winkels geteken wat in die volgende finansiële jaar geopen sal word en oorweeg ook tans ander geleenthede.

AANKONDIGING VAN TUSSENTYDSE DIVIDEND

Die direkteure het 'n tussentydse bruto dividend van 70.0 sent per aandeel verklaar, betaalbaar op Maandag, 3 Desember 2012 aan gewone aandeelhouers wat opgeteken is in die boeke van die maatskappy teen kantoorsluiting op Vrydag, 30 November 2012.

Die laaste dag om te verhandel (met die dividend) ten einde aan die dividend deel te neem, sal Vrydag, 23 November 2012 wees. Die Holdsport Beperk gewone aandele sal sonder die dividend begin verhandel vanaf die aanvang van besigheid op Maandag, 26 November 2012 en die rekorddatum, soos aangedui, sal Vrydag, 30 November 2012 wees.

Gewone aandeelhouers moet kennis neem dat aandelesertifikate nie tydens die tydperk vanaf Maandag, 26 November 2012 tot Vrydag, 30 November 2012, beide datums ingesluit, gedematerialiseer of gehermaterialiseer mag word nie.

Ingevolge die nuwe terughoubelasting op dividende wat op 1 April 2012 in werking getree het, word die volgende bykomende inligting geopenbaar:

- die dividend is uit totale reserwes verklaar;
- Die Suid-Afrikaanse dividendbelastingkoers is 15%;
- daar is geen SBM-krediete gebruik nie;
- die netto plaaslike dividendbedrag is 59.5 sent per gewone aandeel vir aandeelhouers wat aanspreeklik is om die nuwe dividendbelasting te betaal, en 70.0 sent per gewone aandeel vir aandeelhouers wat van die nuwe dividendbelasting vrygestel is;
- die uitgereikte aandelekapitaal van Holdsport op die datum van verklaring is 43 150 220 gewone aandele; en
- Holdsport se belastyingverwysingsnommer is 9618595152.

Aandeelhouers van gewone aandele in sertifikaatvorm word daaraan herinner dat, ooreenkomstig die maatskappy se Memorandum van Oprigting, alle dividende met 'n waarde van minder as R5.00 verskuldig aan enige houer van die maatskappy se gewone aandele in sertifikaatvorm, nie uitbetaal word nie, maar by ander sodanige bedrae gevoeg en aan 'n geregistreerde liefdadigheidsorganisasie van die direkteure se keuse geskenk word.

Geteken namens die direksie

S Muller — Voorsitter
K Hodgson — Hoof Uitvoerende Beampte

Kaapstad
8 Oktober 2012

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIëLE STATE

1. Die ongeouditeerde tussentydse verkorte gekonsolideerde resultate vir die halfjaar geëindig 31 Augustus 2012 is ooreenkomstig die erkennings-, metings-, aanbiedings- en openbaarmakingsvereistes van IAS 34 Tussentydse Finansiële Verslagdoening voorberei, deur die groep se rekeningkundige beleid te gebruik wat in ooreenstemming is met IFRS, die Maatskappywet No. 71 van 2008, soos gewysig, en die SAICA AC 500-reeks soos deur die RRB uitgereik en is konsekwent in vorige tydperke toegepas.

   Die ongeouditeerde tussentydse gekonsolideerde resultate is voorberei onder toesig van die groep se finansiële direkteur, JP Loubser (GR(SA)).

2. Hierdie finansiële state inkorporeer die finansiële state van die maatskappy, al sy filiale en alle entiteite waaroor dit bedrys- en finansiële beheer het.

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STATE VAN FINANSIëLE POSISIE

	31 Augustus 2012 On-geouditeer R'000	31 Augustus 2011 On-geouditeer R'000	29 Februarie 2012 Geouditeer R'000
Bates			
Nie-bedryfsbates			
Aanleg en toerusting	**70 567**	44 554	51 903
Beleggings	**–**	–	–
Klandisiewaarde en ander ontasbare bates	**639 780**	644 360	638 083
Totale nie-bedryfsbates	**710 347**	688 914	689 986
Bedryfsbates			
Voorraad	**323 852**	247 828	296 723
Handels- en ander debiteure	**17 248**	15 295	19 389
Belasting	**8 766**	8 106	–
Kontant en kontantekwivalente	**–**	32 568	77 374
Totale bedryfsbates	**349 866**	303 797	393 486
Totale bates	**1 060 213**	992 711	1 083 472
Ekwiteit en laste			
Kapitaal en reserwes			
Aandelekapitaal	**229 312**	229 312	229 312
Ander reserwes	**(24 857)**	(15 085)	(13 370)
Behoue verdienste	**527 785**	443 421	515 603
Ekwiteit toeskryfbaar aan eienaars van die maatskappy	**732 240**	657 648	731 545
Nie-bedryfslaste			
Lenings	**110 351**	137 817	124 841
Uitgestelde belasting	**53 852**	58 944	55 595
Oploping van bedryfshuur	**23 950**	20 597	21 972
Totale nie-bedryfslaste	**188 153**	217 358	202 408
Bedryfslaste			
Handels- en ander krediteure	**91 762**	90 148	120 562
Afgeleide instrumente	**1 582**	2 382	1 095
Korttermyngedeelte van lenings	**27 357**	25 175	25 693
Oortrokke bank	**19 119**	–	–
Belasting	**–**	–	2 169
Totale bedryfslaste	**139 820**	117 705	149 519
Totale laste	**327 973**	335 063	351 927
Totale ekwiteit en laste	**1 060 213**	992 711	1 083 472

GROEP SEGMENTELE ONTLEDING

	Sportsmans Warehouse On-geouditeer R'000	**Outdoor Warehouse On-geouditeer R'000**	**Perform-ance Brands On-geouditeer R'000**	**Korporatief On-geouditeer R'000**	**Groep On-geouditeer R'000**
Ses maande geëindig 31 Augustus 2012					
Eksterne inkomste	**432 572**	**139 482**	**29 163**	**–**	**601 217**
Eksterne rente ontvang	**–**	**–**	**139**	**2 139**	**2 279**
Eksterne rente betaal	**–**	**–**	**(3)**	**(6 383)**	**(6 386)**
Depresiasie en amortisasie	**(8 066)**	**(2 795)**	**(1 400)**	**(6 433)**	**(18 693)**
Groepwins/(verlies) voor belasting					**86 748**
– Segmentwins/(verlies) voor belasting	**77 466**	**21 261**	**15 611**	**(25 612)**	**88 726**
– Bedryfshure				**(1 978)**	**(1 978)**
Kapitaalbesteding	**14 914**	**3 190**	**21 184**	**418**	**39 706**
Segmentbates	**253 201**	**81 992**	**97 360**	**627 660**	**1 060 213**
Segmentlaste	**69 044**	**19 352**	**6 355**	**233 222**	**327 973**
Ses maande geëindig 31 Augustus 2011					
Eksterne inkomste	392 156	131 628	23 204	–	546 988
Eksterne rente ontvang	–	–	157	1 802	1 959
Eksterne rente betaal	–	–	(70)	(6 322)	(6 392)
Depresiasie en amortisasie	(7 744)	(2 449)	(990)	(6 434)	(17 616)
Groepwins/(verlies) voor belasting					85 355
– Segmentwins/(verlies) voor belasting	71 424	21 205	13 519	(19 356)	86 792
– Bedryfshure				(1 437)	(1 437)
Kapitaalbesteding	10 088	2 600	163	425	13 276
Segmentbates	216 687	82 207	53 764	640 053	992 711
Segmentlaste	62 999	18 916	3 541	249 607	335 063
Jaar geëindig 29 Februarie 2012					
Eksterne inkomste	896 007	299 956	47 576	–	1 243 539
Eksterne rente ontvang	–	–	246	3 527	3 773
Eksterne rente betaal	–	–	(72)	(12 873)	(12 945)
Depresiasie en amortisasie	(15 372)	(4 964)	(1 991)	(12 844)	(35 171)
Groepwins/(verlies) voor belasting					217 259
– Segmentwins/(verlies) voor belasting	188 362	55 641	20 759	(44 691)	220 071
– Bedryfshure				(2 812)	(2 812)
Kapitaalbesteding	23 286	7 141	501	1 286	32 214
Segmentbates	230 846	94 765	69 350	688 511	1 083 472
Segmentlaste	84 639	18 550	8 643	240 095	351 927

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STATE VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Ses maande geëindig 31 Augustus 2012 On-geouditeer R'000	Ses maande geëindig 31 Augustus 2011 On-geouditeer R'000	Jaar geëindig 29 Februarie 2012 Geouditeer R'000
Verkope	**601 217**	546 988	1 243 539
Koste van verkope	**(309 873)**	(276 258)	(638 807)
Bruto wins	**291 344**	270 730	604 732
Ander inkomste	**1 813**	1 439	5 094
Handelsonkoste	**(202 302)**	(182 381)	(383 395)
Bedryfswins	**90 855**	89 788	226 431
Finansieringsinkomste	**2 279**	1 959	3 773
Finansieringskoste	**(6 386)**	(6 392)	(12 945)
Wins voor belasting	**86 748**	85 355	217 259
Belasting	**(24 943)**	(24 122)	(63 564)
Wins vir die tydperk en totale omvattende inkomste vir die tydperk toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die maatskappy	**61 805**	61 233	153 695

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

	Ses maande geëindig 31 Augustus 2012 On-geouditeer R'000	Ses maande geëindig 31 Augustus 2011 On-geouditeer R'000	Jaar geëindig 29 Februarie 2012 Geouditeer R'000
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite			
Kontant gegenereer uit bedrywighede	**60 070**	83 995	219 514
Finansieringsinkomste	**2 279**	1 959	3 773
Finansieringskoste	**(6 386)**	(10 148)	(19 005)
Dividende betaal	**(49 623)**	–	(20 281)
Belasting betaal	**(37 621)**	(37 664)	(70 181)
Netto kontant (uitvloei)/invloei uit bedryfsaktiwiteite	**(31 281)**	38 143	113 820
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite			
Toevoegings tot aanleg en toerusting	**(39 706)**	(13 178)	(32 214)
Opbrengs op verkope van aanleg en toerusting	**751**	91	601
Netto kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(38 955)**	(13 087)	(31 613)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite			
Terugbetaling van lenings	**(12 826)**	(41 825)	(54 170)
Verbeurbare aandeleplan	**(13 431)**	(15 500)	(15 500)
Verkryging van nie-beherende belang	**–**	(3 082)	(3 082)
Netto kontantuitvloei uit finansieringsaktiwiteite	**(26 257)**	(60 407)	(72 752)
Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwivalente	**(96 493)**	(35 351)	9 455
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk	**77 374**	67 919	67 919
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	**(19 119)**	32 568	77 374

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

	Aandele-kapitaal R'000	Ander reserwes R'000	Behoue verdienste R'000	Ekwiteits-houers van Holdsport Beperk R'000	Nie-beherende belang R'000	Totale ekwiteit R'000
Saldo op 28 Februarie 2011	19	–	384 244	384 263	1 027	385 290
Verkryging van nie-beherende belang sonder 'n verandering in beheer	–	–	(2 055)	(2 055)	(1 027)	(3 082)
Kapitalisasie van aandeelhouerslenings	229 293	–	–	229 293	–	229 293
Aandeelgebaseerde reserwe: aanvangstoekenning	–	(15 500)	–	(15 500)	–	(15 500)
Aandeelgebaseerde betalingsonkoste	–	415	–	415	–	415
Totale omvattende inkomste vir die halfjaar	–	–	61 233	61 233	–	61 233
Saldo op 31 Augustus 2011	229 312	(15 085)	443 421	657 648	–	657 648
Aandeelgebaseerde betalingsonkoste	–	1 715	–	1 715	–	1 715
Dividende betaal	–	–	(20 281)	(20 281)	–	(20 281)
Totale omvattende inkomste vir die halfjaar	–	–	92 462	92 462	–	92 462
Saldo op 29 Februarie 2012	**229 312**	**(13 370)**	**515 603**	**731 545**	**–**	**731 545**
Aandeelgebaseerde reserwe: aanvangstoekenning	**–**	**(13 431)**	**–**	**(13 431)**	**–**	**(13 431)**
Aandeelgebaseerde betalingsonkoste	**–**	**1 944**	**–**	**1 944**	**–**	**1 944**
Dividende betaal	**–**	**–**	**(49 623)**	**(49 623)**	**–**	**(49 623)**
Totale omvattende inkomste vir die halfjaar	**–**	**–**	**61 805**	**61 805**	**–**	**61 805**
Saldo op 31 Augustus 2012	**229 312**	**(24 857)**	**527 785**	**732 240**	**–**	**732 240**

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIëLE STATE

	31 Augustus 2012 On-geouditeer R'000	31 Augustus 2011 On-geouditeer R'000	29 Februarie 2012 Geouditeer R'000
3. Handelsonkoste			
Depresiasie op aanleg en toerusting	**12 212**	11 339	22 617
Amortisasie van ontasbare bates	**6 481**	6 277	12 554
Okkupasiekoste	**55 096**	50 529	103 706
Huuregalisasie	**1 978**	1 437	2 812
Personeelkoste	**74 060**	64 401	145 796
Valutaverlies/(wins)	**1 851**	994	(1 422)
Ander bedryfskoste	**50 624**	47 404	97 332
	202 302	182 381	383 395
4. Finansieringskoste			
Rente betaal op lenings	**6 386**	10 148	19 005
Daling in rentekoersruiltransaksie	**–**	(3 756)	(5 949)
Billikewaarde-aanpassing op lenings	**–**	–	(111)
	6 386	6 392	12 945
5. Kontant gegenereer uit bedrywighede			
Bedryfswins	**90 855**	89 788	226 431
Aangepas vir:			
Depresiasie	**12 212**	11 339	22 617
Amortisasie van ontasbare bates	**6 481**	6 277	12 554
(Wins)/verlies met verkoop van aanleg en toerusting	**(98)**	(49)	(148)
Billikewaarde-verlies/(wins) op afgeleide instrumente	**487**	(425)	480
Verbeurbare aandeleplanonkoste	**1 944**	415	2 130
Huuregalisasie	**1 978**	1 437	2 812
Veranderings in bedryfskapitaal:			
Afname/(toename) in handels- en ander debiteure	**2 141**	263	(3 831)
Toename in voorraad	**(27 129)**	(15 066)	(63 961)
(Afname)/toename in handels- en ander krediteure	**(28 801)**	(9 984)	20 430
Kontant gegenereer uit bedrywighede	**60 070**	83 995	219 514

6. Verdienste per aandeel en netto batewaarde per aandeel

	Ses maande geëindig 31 Augustus 2012 On-geouditeer R'000	Ses maande geëindig 31 Augustus 2011 On-geouditeer R'000	Jaar geëindig 29 Februarie 2012 Geouditeer R'000
Verdienste per gewone aandeel (sent)			
– Basies	**143.2**	141.9	356.1
– Wesens	**143.0**	141.7	355.8
– Kernwesens	**157.1**	159.2	387.4
Gewone uitgereikte aandele ('000)	**43 150**	43 150	43 150
Geweegde gemiddelde gewone uitgereikte aandele ('000)	**43 150**	43 150	43 150
Netto batewaarde per gewone aandeel (sent)	**1 697.0**	1 523.1	1 695.3
Netto tasbare batewaarde per gewone aandeel (sent)	**366.2**	191.2	372.6

Rekonsiliasie tot kernwesensverdienste

Die groep gebruik kernwesensverdienste as 'n konsekwente meting van prestasie vir bestuursdoeleindes. Kernwesensverdienste sluit buitengewone eenmalige koste en die amortisasie van handelsmerke, billikewaarde-aanpassings aan lenings en die huuregalisasie-onkoste uit, en word hieronder aangebied:

	31 Augustus 2012 On-geouditeer R'000	31 Augustus 2011 On-geouditeer R'000	29 Februarie 2012 Geouditeer R'000
Basiese en verwaterde verdienste	**61 805**	61 233	153 695
Aangepas vir:			
Wins met verkoop van aanleg en toerusting	**(71)**	(49)	(148)
Wesensverdienste	**61 734**	61 184	153 547
Aangepas vir (netto van belasting):			
Billikewaarde-aanpassings op lenings	**–**	(310)	(80)
Amortisasie van ontasbare bates	**4 667**	4 519	9 039
Huuregalisasie	**1 424**	956	2 023
Eenmalige professionele fooie	**–**	2 363	2 661
Kernwesensverdienste*	**67 825**	68 712	167 190

* Ten einde die kernwesensverdienste per aandeel met verloop van tyd vir hierdie verslag te vergelyk, word verdienste gedeel deur die aantal uitgereikte aandele op die laaste verslagdatum, wat 43 150 220 aandele op 31 Augustus 2012 beloop.

7. Dividende per aandeel

	Ses maande geëindig 31 Augustus 2012 On-geouditeer R'000	Ses maande geëindig 31 Augustus 2011 On-geouditeer R'000	Jaar geëindig 29 Februarie 2012 Geouditeer R'000
Dividend verklaar per aandeel (sent)			
– Tussentyds	**70.0**	47.0	47.0
– Finaal	**–**	–	115.0
Totale dividend	**70.0**	47.0	162.0
Dividenddekking (deur kernwesensverdienste)	**2.2**	3.4	2.4

Holdsport Beperk
('Holdsport' of 'die maatskappy' of 'die groep')
Uitvoerende direkteure: KG Hodgson, EA Haarburger, JP Loubser
Nie-uitvoerende direkteure: SA Muller (Voorsitter), B Hopkins, C Sonn, M Vilakazi
Maatskappysekretaris: AE van Zyl
Geregistreerde kantoor: The Mill House, Canterburystraat 1, Kaapstad 8001
Registrasienommer: 2006/022252/06
Aandelekode: HSP
ISIN: ZAE000157046
Oordragsekretaris: Computershare Investor Services (Eiendoms) Beperk, Grondvloer, Marshallstraat 70, Johannesburg 2001
Borg: UBS Suid-Afrika (Eiendoms) Beperk

OM HIERDIE RESULTATE AANLYN TE BESIGTIG, besoek www.holdsport.co.za

T4IB03707_HS_Afr Ad_prf2.indd 1 2012/10/08 12:16 PM